e-Nuwe Horison

Jesaja 58:8

*"Dan sal jou lig deurbreek soos die dageraad en jou genesing skielik uitspruit; en jou geregtigheid sal voor jou uit gaan, die heerlikheid van die HERE jou agterhoede wees."*

12 Julie 2026

# HERVORMING
# DEEL 2

**Openingsvraag:**

Wat se soort skoene het jy as tiener gedra?

**Skriflesing**

**Luk 5: 36-39**

**1953**

36 En Hy het ook aan hulle 'n gelykenis vertel: Niemand sit 'n lap van 'n nuwe kleed op 'n ou kleed nie; anders skeur dit die nuwe ook, en die lap wat van die nuwe af kom, pas nie by die oue nie.

37 En niemand gooi nuwe wyn in ou leersakke nie; anders sal die nuwe wyn die sakke skeur, en dit sal uitloop, en die sakke sal vergaan.

38 Maar nuwe wyn moet in nuwe sakke gegooi word, en altwee word saam behou.

39 En niemand wat ou wyn gedrink het, wil dadelik nuwe hê nie; want hy sê: Die oue is beter.

**KJV**

36 And he spake also a parable unto them; No man putteth a piece of a new garment upon an old; if otherwise, then both the new maketh a rent, and the piece that was taken out of the new agreeth not with the old.

37 And no man putteth new wine into old bottles; else the new wine will burst the bottles, and be spilled, and the bottles shall perish.

38 But new wine must be put into new bottles; and both are preserved.

39 No man also having drunk old wine straightway desireth new: for he saith, The old is better.

- *Die ou wynsak het sekere vorm aangeneem a.g.v. die gistingsproses en neem 'n sekere vorm aan. Die nuwe wyn kan nie die ou sak se vorm aanneem nie.*
- *Verandering vra 'n prys, om die nuwe te kry moet jy die oue laat gaan.*
- *Verandering vra 'n prys.*

**Pilare van Hervorming**

1 Sola Scriptura – Die Skrif alleen
2 Sola Fide – Deur geloof alleen
3 Sola Gratia – Deur genade alleen
4 Solus Christus – Christus alleen
5 Soli Deo Gloria – Aan God alleen die eer

**SOLA FIDE**

## 1 Geloof alleen bring regverdiging

**Rom 1:16-17**

**1953**

**Die regverdigmaking deur die geloof.**

16 WANT ek skaam my nie oor die evangelie van Christus nie, want dit is 'n krag van God tot redding vir elkeen wat glo, eerste vir die Jood en ook vir die Griek.

17 Want die geregtigheid van God word daarin geopenbaar uit geloof tot geloof, soos geskrywe is: Maar die regverdige sal uit die geloof lewe.

**KJV**

16 For I am not ashamed of the gospel of Christ: for it is the power of God unto salvation to every one that believeth; to the Jew first, and also to the Greek.

17 For therein is the righteousness of God revealed from faith to faith: as it is written, The just shall live by faith.

- *Regverdigmaking – in right standing with God*
- *Regverdigmaking is God se daad waardeur Hy 'n sondaar regverdig verklaar op grond van Jesus Christus se volmaakte lewe, kruisdood en opstanding.*
- *Ons het kans uit genade om hemel toe te gaan.*

**Heb 11:6**

**1953**

En sonder geloof is dit onmoontlik om God te behaag; want hy wat tot God gaan, moet glo dat Hy is en 'n beloner is van die wat Hom soek.

**KJV**

But without faith it is impossible to please him: for he that cometh to God must believe that he is, and that he is a rewarder of them that diligently seek him.

- *Ons as mens wil in guns by God kom.*
- *Al wat God wil hê is ons moet in Hom glo!*
- *Die belofte is dat as ons in geloof na God toe gaan sal Hy ons beloon.*

**Joh 11:25-26**

**1953**

25 Jesus sê vir haar: Ek is die opstanding en die lewe; wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe;

26 en elkeen wat lewe en in My glo, sal nooit sterwe tot in ewigheid nie. Glo jy dit?

**KJV**

25 Jesus said unto her, I am the resurrection, and the life: he that believeth in me, though he were dead, yet shall he live:

26 and whosoever liveth and believeth in me shall never die. Believest thou this?

- *Glo jy dit? Hy is die opstanding en die lewe!! As jy dit glo sal jy nooit sterwe nie.*
- *Wie kan glo? Elke mens wat lewe!*
- *God het Sy lewende asem in my geblaas en ek wil antwoord U is my Skepper en my Bron. U is die Almagtige, U sal aan my voorsien...*

**Rom 10:5-11**

**1953**

5 Want Moses beskrywe die geregtigheid wat uit die wet is: Die mens wat hierdie dinge doen, sal daardeur lewe.

6 Maar die geregtigheid wat uit die geloof is, sê dit: Moenie in jou hart sê nie: Wie sal in die hemel opvaar, naamlik om Christus af te bring;

7 of: Wie sal in die afgrond neerdaal, naamlik om Christus uit die dode op te bring?

8 Maar wat sê dit? Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart. Dit is die woord van die geloof wat ons verkondig:

9 As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word;

10 want met die hart glo ons tot geregtigheid en met die mond bely ons tot redding.

11 Want die Skrif sê: Elkeen wat in Hom glo, sal nie beskaam word nie.

**KJV**

5 For Moses describeth the righteousness which is of the law, That the man which doeth those things shall live by them.

6 But the righteousness which is of faith speaketh on this wise, Say not in thine heart, Who shall ascend into heaven? (that is, to bring Christ down from above:)

7 or, Who shall descend into the deep? (that is, to bring up Christ again from the dead.)

8 But what saith it? The word is nigh thee, even in thy mouth, and in thy heart: that is, the word of faith, which we preach;

9 that if thou shalt confess with thy mouth the Lord Jesus, and shalt believe in thine heart that God hath raised him from the dead, thou shalt be saved.

10 For with the heart man believeth unto righteousness; and with the mouth confession is made unto salvation.

11 For the scripture saith, Whosoever believeth on him shall not be ashamed.

- *Moses sê as ons die wet onderhou sal ons lewe.*
- *Trapleer geloof? Ons hoef nie te probeer opklim of afklim nie.*
- *Elkeen wat in Hom glo sal nie beskaam word nie.*
- *Ons kry ons regverdigmaking deur geloof.*
- *Geloof gaan nie om God te probeer verklaar nie.*
- *Enige iets meer as geloof is ‘n dogma.*

**Mark 9:23**

**1953**

En Jesus sê vir hom: Wat dit betref — as jy kan glo, alle dinge is moontlik vir die een wat glo.

**KJV**

Jesus said unto him, If thou canst believe, all things are possible to him that believeth.

- *ALLE DINGE IS MOONTLIK VIR DIE EEN WAT GLO*
- *Alle dinge is moontlik. Ek kan nie dit verklaar nie. Ek glo net!*
- *As jou leerstelling getoets word.*

**SOLA GRATIA**

**2 Net deur Genade en genade alleen**

**Ons gaan hemel toe net deur genade.**

**Rom 2:3-4**

**1953**

3 En meen jy, o mens wat hulle oordeel wat sulke dinge doen, en dit self doen, dat jy die oordeel van God sal ontvlug?

4 Of verag jy die rykdom van sy goedertierenheid en verdraagsaamheid en lankmoedigheid, omdat jy nie besef dat die goedertierenheid van God jou tot bekering wil lei nie?

**KJV**

3 And thinkest thou this, O man, that judgest them which do such things, and doest the same, that thou shalt escape the judgment of God?

4 Or despisest thou the riches of his goodness and forbearance and longsuffering; not knowing that the goodness of God leadeth thee to repentance?

- *Genade is God se onverdiende guns en liefde wat Hy aan sondige mense bewys.*
- *Genade is 'n geskenk. Ek verdien dit nie.*
- *My verlede word uitgewis, ek word vergewe en herstel my toekoms.*
- *Dit is die goedheid van die Here wat my trek.*
- *Die verlore seun wou huistoe gegaan het want sy pa is goed*

**Rom 11:6**

**1953**

En as dit deur genade is, dan is dit nie meer uit die werke nie; anders is die genade geen genade meer nie. En as dit uit die werke is, dan is dit nie meer genade nie; anders is die werk geen werk meer nie.

**KJV**

And if by grace, then is it no more of works: otherwise grace is no more grace. But if it be of works, then is it no more grace: otherwise work is no more work.

- *Ons is almal gelyk in God se oë.*
- *Daar is geen plek vir menslike roem of trots nie.*
- *Ons verlossing is slegs uit God se genade. Alle eer behoort aan Hom.*
- *Ons kan niks doen om God se guns te verdien nie. Alles wat ons ontvang het, is 'n gawe van sy genade. Daarom kan niemand op homself roem nie, maar slegs dankbaar wees en God verheerlik.*

**Efes 2:4-6**

**1953**

4 Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het,

5 ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus — uit genade is julle gered —

6 en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus,

**KJV**

4 But God, who is rich in mercy, for his great love wherewith he loved us,

5 even when we were dead in sins, hath quickened us together with Christ, (by grace ye are saved;)

6 and hath raised us up together, and made us sit together in heavenly places in Christ Jesus:

- *Net genade en genade alleen.*
- *Eva leuen is as jy iets doen sal jy soos God word. Die volle prys is betaal, jy hoef niks te doen nie. Die prys is betaal.*

**Tit 2: 11-12**

**1953**

**Die reddende genade het aan almal verskyn. Wat dit beteken.**

11 WANT die reddende genade van God het aan alle mense verskyn

12 en leer ons om die goddeloosheid en wêreldse begeerlikhede te verloën, ingetoë en regverdig en vroom in die teenwoordige wêreld te lewe,

**KJV**

11 For the grace of God that bringeth salvation hath appeared to all men,

12 teaching us that, denying ungodliness and worldly lusts, we should live soberly, righteously, and godly, in this present world;

- *As ek genade besef sal ek 'n afkeur hê in die verkeerde.*
- *Die Ou Testament is reëls wat jy in jou kop het en die Nuwe Testament is wat jy in jou hart het en jy wil nie dit doen nie.*
- *God verwerp my nie, hy bring my nader.*

**<u>Belofte</u>**

**Joh 1:12-13**

**1953**

12 Maar almal wat Hom aangeneem het, aan hulle het Hy mag gegee om kinders van God te word, aan hulle wat in sy Naam glo;

13 wat nie uit die bloed of uit die wil van die vlees of uit die wil van 'n man nie, maar uit God gebore is.

**KJV**

12 But as many as received him, to them gave he power to become the sons of God, even to them that believe on his name:

13 which were born, not of blood, nor of the will of the flesh, nor of the will of man, but of God.

- *Ek is nie kind van God omdat .... nie, dis net genade en Hy aanvaar my net soos ek is.*

Hy aanvaar my net soos ek is, dis net genade alleen!!